September 2018

# Stellenberger

## Graad 11's word voorberei op belydenisaflegging

Die graadgroep wat hulle 11 jaar gelede in 2007 as graad 1's by Stellenberg se kategesebediening aangemeld het, is vanjaar in hulle belydenisjaar en besig om hulself voor te berei op belydenisaflegging. Die groep van 80 jongmense is tydens hulle geloofsreis in Stellenberg-gemeente deur talle medegelowiges, soos die kleingroep- en jeugleiers, asook Brenda Visser (kinderwerker) en ds. Peter Kotze (jeugleraar) aangeraak en gevorm. Dan was daar ook die waarde van al die kinderpinksterbyeenkomste en kampe.

"Die belydeniskamp saam met ons graad 11-groep is elke jaar 'n hoogtepunt. Na die lang geloofspad wat binne die gemeente gestap is, was hierdie die laaste geleentheid om hulle intensief rakende die betekenis van belydenisaflegging voor te berei," sê ds. Peter Kotze. "Dit sal vir ons 'n groot voorreg wees om dié groep jongmense volgende jaar na belydenisaflegging as volwaardige belydende lidmate in die gemeente te verwelkom."















# Gemeentekamp beloof net pret

**Ons gaan vanaf 30 Nov. tot 2 Des. as gemeente saam by die Vloedbos-kampeerterrein in Caledon kamp opslaan.**



Ds. René Potgieter sê dat die kampeerterrein netjiese badkamergeriewe het en daar is ook 'n winkel waar hout, ys en waterwurmritte gekoop kan word. Kinders kan in die swembad en op die waterwurm baljaar en ander pret aktiwiteite word vir die jongspan beplan," sê René.

Staanplekke @ R400 per nag moet asseblief voor einde September direk by die kampeerterrein bespreek word. Kontak Demichelle of Mariska, 083 359 1505 of info@vloedbos.co.za. Maak seker dat hy aandui jy is deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking. Ons wil graag almal saam groepeer.

"Ek kan nie wag om saam met lidmate te gaan kampeer nie," sê René. "Die Potgieters is baie lief vir kampeer en dit klink asof dié kampe in die verlede 'n groot sukses was. Ek wil graag Stellenberg se mense op dié manier beter leer ken. Bespreek asseblief jou plek, dit gaan 'n heerlike saamkuier wees."

# Klouterkerk vir pa's, ma's en kinders



"Ons verstaan heeltemal hoe moeilik dit is om met 'n baba en 'n driejarige in die huis 'n erediens by te woon," sê ds. Marius Breytenbach. "Daarom het ons so twee jaar gelede met die Klouterkerk-inisiatief begin. Ons bedoeling was om 'n baie informele erediens te hou waar ouers en hulle kinders saam in die teenwoordigheid van die Here kan kom, maar dit moes so ingerig word dat almal in die gesin dit kan geniet. Ons sit dus sommer op komberse op die vloer en gesels saam oor die Here en Bybelstories. Daar is genoeg plek vir stootkarre en doekesakke en niemand raak gespanne as 'n kind 'n bevlieging kry om hard te praat of op en af te spring nie.

"Indien jy nog nie 'n Klouterkerkbyeenkoms bygewoon het nie, wil ek jou graag uitnooi om die volgende byeenkoms op Sondag 14 Oktober om 09:00 in die grootsaal by te woon. Klouterkerk word deur die loop van die jaar ongeveer een keer per maand aangebied. Die datums is op die gemeentekalender en die bulletin en ons nooi ook lidmate met jong kinders per e-pos na dié byeenkomste uit. Op 11 November is die laaste geleentheid vir 2018.

# Spesiaal vir Seniors



Kom kuier saam en deel in die bederftyd vir al ons senior lidmate.

**Sondag 16 September 09:00**
Geen koste en geen bespreking.
Erediens met spesiale fokus op seniors.
Prediker, ds. Callie Visagie. Edelweiss se koor tree op.
Koffie, tee en verversings vir alle seniors word na afloop van die erediens in die teetuin bedien.

**Maandag 17 September 10:00-12:00, Kleinsaal**
Geen koste, maar bespreek by Karin 021 976 4519.
10:00-10:40: Francine van Niekerk, redakteur van LIG, kom gesels oor die rol van die tydskrif oor die afgelope jare.
10:40-11:00: Verversings.
11:00-11:40: Riaan Truter, voormalige hoof van DF Malan Hoërskool, motiveringspreker en gemeentelid, kom deel 'n paar insiggewende wyshede.

**Dinsdag 18 September 10:00-12:00, Kleinsaal**
Geen koste, maar bespreek by Karin 021 976 4519.
10:00-10:40: Helene Meyer, koskenner en sjef, kom deel haar resepte.
10:40-11:00: Verversings.
11:00-11:50: Marius Falck, sanger en predikant van Melkbos-strand, kom sing ou vergete-, kontemporêre- en geestelike liedere.

**Woensdag 19 September 08: 45 - 13:00.**
Uitstappie – koste R100. Vervoer is gratis. Beperkte plekke beskikbaar. Bespreek en betaal by Karin (kerkkantoor). Ons besoek die alpakkaplaas op Klein Limietrivier, Wellington. Die boerdery, weefmasjiene en winkel met alpakkawolprodukte word besigtig. Daarna geniet ons verversings in 'n plaaslike restaurant in Wellington.

# Leef ligter werkswinkel



**'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue.**

Vroue moet daagliks 'n klomp balle in die lug hou. Hoe gemaak as die balle te veel raak en jy nie meer kan bybly nie? In dié werkswinkel wil ons vroue help om hulle oorvol tasse uit te pak en ligter te maak.

Datum: 30 Oktober
Aanbieder: Dr. Carlien van Wyk

Besprekings: Anneke by sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029

# *WHACK Avenue* – wat is dit?



***Whack Avenue* is 'n splinternuwe *You Tube*-kanaal wat deur Rudi Kriel, een van Stellenberg se jongmense en eerstejaarstudent op Stellenbosch, bedink en geskep is. Rudi vertel meer oor die inhoud van dié skepping.**

"Die primêre idee met *Whack Avenue* was om 'n platform te skep waar ons God kan loof, maak nie saak waar ons ons bevind nie. Met lofprysing verwys ek nie net na sang nie, maar enige medium wat 'n gelowige gebruik om God te eer. Dit kan deur kuns, gedigte of net stilwees saam met God wees. Ek wil juis beklemtoon dat om God te prys, nie net sang en musiek behels nie en dit hoef nie net binne die strukture van 'n kerkgebou plaas te vind nie. As gelowiges moet ons God dwarsdeur die dag, waar ons ons ook al bevind, kan prys," sê Rudi.

"Dit was vir my nogal 'n uitdaging om met *Whack Avenue* te begin, want ek moes heelwat nuwe goed, soos byvoorbeeld die redigering van beeldmateriaal leer. Die Here het genadiglik ook passievolle en bekwame helpers oor my pad gestuur. Dit bly vir my verbysterend hoe God voorsien en die regte mense op die regte tyd in my lewe plaas."

Rudi sê om self by *Whack Avenue* betrokke te raak en iets van die jongklomp se energie en liefde vir die Here te beleef, moet 'n mens net op die *You Tube*-kanaal ingaan. Gebruik dan die soekfasiliteit om *Whack Avenue* op te spoor, registreer op die *Whack Avenue*-kanaal en siedaar – jy is deel van dié opwindende beweging wat tot eer van die Here wil leef. Rudi vra ook dat mense met enige nuwe en vars idees oor hoe *Whack Avenue* uitgebrei kan word, hom via **Instagram** by instagram@whackavenue kontak.

"Die Here is passievol oor my en daarom wil ek graag passievol oor Hom wees," sê Rudi. "God is altyd daar vir ons en dit is hoekom ek hom onophoudelik wil loof en prys."

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Dankie aan Stellenberg

deur: ds. René Potgieter



**Ek is reeds meer as 'n maand deel van die Stellenberg-familie. Wat 'n wonderlike voorreg en geleentheid. Op Maandag 23 Julie stop ek baie benoud hier voor die kerkkantoor en weet glad nie wat om te verwag nie. Alles – die kerkgebou, kantoor, personeel en lidmate – is soveel groter as waaraan ek gewoond was, maar wat 'n totale vreugde toe ek hier ingestap het.**

Ek is steeds oorweldig deur almal se vriendelikheid, omgee en hulp. Elkeen wat ek ontmoet het, het my hande geneem om my te begelei in die aanpassing en ook my gesin omvou met liefde en omgee. Daarom dank uit ons harte vir: my medeleraars vir julle begeleiding en ondersteuning; die kantoorpersoneel vir die hulp om alles rakende die kantoor te verstaan; die kerkraad vir julle gebede, oproepe en reëlings rondom ons trek en die voorbereiding van die pastorie; elkeen wat etes en blomme gebring het en laastens die gemeente se vriendelike ontvangs

Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir die geleentheid om saam met Stellenberg-gemeente 'n pad te stap. Mag die Here ons vooruit gaan en die pad vir ons wys. Mag die Here ons pad saam seën met genade en liefde tot die eer van sy wonderlike Naam.

# Spraakterapie ook nou by die Stellenberg Ondersteuningsentrum

Waarom spraakterapie? Dit is waarskynlik 'n vraag wat baie ouers aan verwysende dokters of onderwysers stel? Spraakterapie is 'n professie wat al vir 'n geruime tyd bestaan en die bekende fliek *The King's Speech* het nuwe lig op wat spraakterapie behels, gewerp. Spraakterapeute werk met 'n breë spektrum mense wat wissel van pasgebore babas wat sukkel met voeding en die suigrefleks, tot bejaardes.

Spraakterapie kan met die volgende help:

- Sluk-, suig- of eetafwykings, ook genoem disfagie.
- Vroeë taalontwikkeling – soos bv. vir kinders wat op 18 maande nog nie basiese woorde soos mamma of pappa baasgeraak het nie.
- Gesplete lip/verhemelte-rehabilitasie.
- Hakkel.
- Stemterapie – vir mense wie se stemme ooreis is, byvoorbeeld onderwysers, of pasiënte wat a.g.v. keelkanker van nuuts af moet leer praat.
- Artikulasieterapie, waar kinders geleer word om bv. die r- of s-klank korrek uit te spreek.
- Taalterapie. In 'n twee- of meertalige huis gebeur dit soms dat taalverwarring by kinders voorkom.
- Beroetes en breinbeserings.
- Outisme, downsindroom en ander spesiale diagnoses waar kommunikasie nie normaal ontwikkel nie.

Elke persoon het die reg om te kommunikeer, daarsonder word jou menswaardigheid geskaad. Kontak ons gerus by Stellenberg Ondersteuningsentrum 021 976 8029, of aanlyn by www.jbspeechtherapy.co.za.